

ONTMOET DIE SEWENDE DAG ADVENTISTE KERK



**LAAT JULLE AS LEWENDE STENE OPBOU TOT 'N GEESTELIKE HUIS.....
WAT DEUR JESUS CHRISTUS VIR GOD WELGEVALLIG IS. - 1 Pet. 2:5.**

INLEIDING

Dit lyk of die waarheid deesdae verseker ontwykend is! Sommige mense spandeer 'n leeftyd om dit te probeer vind - en eindig met leë hande. Andere dink hulle het dit gevind, net om te ontdek hulle is van aangesig tot aangesig met 'n vervalsing. Hulle het 'n bedrogspul aanvaar - en moontlik 'n dodelike bedrogspul.

In hulle poging om te voorkom dat hulle òf as "bekrompe fanatici" òf "godsdienstige dwepers" geëtiketteer word, het baie denkende mense volkome die idee verwerp dat God 'n ware kerk het. Nogtans, diep binne-in elkeen van ons, is daar 'n ingebore begeerte om werklik te ken. Het God vandag 'n beweging [kerk] op aarde? Indien wel, hoe kan ek dit vind?

Jesus se woorde is gerusstellend: **Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.** - Johannes 8:32. Later voeg Hy by: **Heilig hulle in U waarheid; U woord is die waarheid.** - Johannes 17:17. God se Woord openbaar Sy waarheid en miljoene het dit gevind! Hierdie individue het die essensie van Bybelse, Nuwe Testament Christendom weer vir hulself toegeëien. Jy kan onder hulle wees. Jy hoef nie deur 'n vervalsing mislei te wees nie.

Op een of ander tydstip moet ons almal 'n baie belangrike besluit neem waar ons gaan staanplek inneem. Almal, selfs die mees sekulêre persoon, aanvaar 'n soort van opperste waarheid in sy of haar lewe. Waarop sal jou waarheid gebaseer wees? Tradisie of die Woord van God? Die godsdien van die dag of die godsdien van die Nuwe Testament? Dit is die besluit wat ons almal konfronteer. Weet jy hoekom? Omdat alle instellings vergaan. Die geestelike lewe glij verby. God se waarheid word afgewater. Kerke misluk, hulle moet hervorm word. En op een of ander stadium, sal ons 'n besluit moet neem. Gaan ons voort met God se Woord of klou ons eenvoudig aan tradisie vas? Tradisie kan natuurlik baie gerieflik wees. Ons word groot deur dinge

op 'n sekere wyse te doen; ons word gewoon aan 'n sekere geloofsstelsel. Dit kan baie pynlik wees om met gewoontes en tradisie te breek.

Maar wanneer die duidelike leringe van die Skrif ons roep, moet ons luister. Ons moet voorbereid wees om op die Woord van God te staan, selfs wanneer dit ongemaklik is, selfs wanneer dit ons godsdiens roetine omvergooi.

Onthou asseblief, daar is slegs een plek van veiligheid. Instellings kom en gaan, maar die Woord van God bly vir ewig. Kerke verrys en val, maar die Woord van God bly die allergrootste, lewende krag vir hervorming in ons wêreld.

Wil jy kies om 'n besliste standpunt op die duidelike leringe van die Skrif in te neem, maak nie saak hoe ongemaklik of ongerieflik dit mag wees nie?

Ja, laat ons die soewereiniteit van God se Woord vir ons lewens bevestig. Deur God se genade wil ek aan die waarheid vashou deur na meer te reik. Ek wil deel wees van 'n beweging, nie slegs 'n denominasie nie.

Wil jy met my in hierdie toewyding verenig? Wil jy besluit om in genade en kennis aan te hou groei, om aan te hou ontwikkel met God se Woord en om aan te hou om die beginsels van God se Woord te volg?

Dit is die soort oorblyfsel wat God vandag wil hê. Dit is die soort mense wat sal help om die geskiedenis tot 'n klimaks te bring. Dit is die soort geloof wat oor enige en elke teenspoed sal triomfeer. Laat ons verenig om die volgende tree vorentoe te gee om vir onself God se waarhede te ontdek.

Maar raai wat? Noudat jy uitgekamp het, nou dat jy 'n vesting van jou leerstellige posisie gemaak het, is dit moeilik om aan te beweeg. Dit is moeilik om jou wortels uit te trek. Wanneer God se waarheid voort marsjeer, word baie mense agtergelaat. Hulle is so vasbeslote om die beperkte hoeveelheid waarheid wat hulle het te beskerm/behou, dat hulle faal om die groter inhoud van waarheid wat God begeer dat hulle moet hê, nie sien nie.

Jy mag wonder: "Waar is God se oorblyfsel vandag?" Het God vandag 'n beweging [kerk] wat staan op die platform van waarheid wat deur die groot manne en vroue van geloof dwarsdeur die eeue opgerig is? Is daar vandag 'n kerk wat saamgestel is uit die boustene van geloof, wat getrou deur godvresende manne en vroue van vergange eeue gelê is? Is daar 'n beweging [kerk] vandag wat die fakkel van geloof hoog hou?

Ek glo daar is!

In die waarheid-ge vulde bladsye van hierdie boekie, sal jy antwoorde vir jou ernstigste vrae vind. Hierdie boekie kan jou lewe verander. Dit volg 'n verfrissende, eerlike, geen nonsens benadering wat openhartig met sake omgaan. Dit worstel met die stryd tussen waarheid en leuen wat al deur die eeue voortduur. Dit ontmasker Satan se misleidende komplot om die waarheid teen te staan. Dit is my en Estelle se innige begeerte dat die Heilige Gees jou verstand sal lei soos jy hierdie bladsye lees. Sonder die leiding van die Heilige Gees is alle pogings om die waarheid te ontdek, tevergeefs.

Met Sy leiding, egter, is die ontdekking van God se wil seker. Mag jou verstand vir Sy leiding oop wees, terwyl jy lees.

As jou hart met 'n intense begeerte brand om God se waarhede te volg, hoekom nie nou hierdie gebed bid nie!

Vader, U kan nou in my hart sien; U weet watter stappe ek moet neem. Daar is waarhede wat ek dieper moet verstaan, beginsels wat ek konsekwenter moet toepas. Help my dat ek nie maar net sal uitkamp binne watter ook al leerstellige vesting ek gebore is nie. Help my om in U hande plooibaar te wees. Help my om aan die Waarheid vas te hou deur na meer te reik. Ek bid dit in Jesus se naam. Amen.

Saamgestel deur: dr. *Hans Koen*

Tel. 021 872 8756 of sel: 076 689 9246

e-pos: estellie@telkomsa.net

1. 'N KERK MET 'N ROEPING

'N DEFINISIE VAN DIE KERK

Die kerk moet die fondament van waarheid wees. Die enigste rede om enige kerk by te woon is nie omdat ons ouers dit bygewoon het nie, nie omdat ons familie dit bywoon nie, nie omdat dit naby die huis is nie, nie omdat ons ons lewens lank lidmate daarvan is nie, nie omdat ons van die mense hou wat daarheen gaan nie, maar eerder omdat ons met ons hele hart glo dat hierdie kerk getrou aan die leringe van die Skrifte is. As die kerk wat jy bywoon nie die Skrif volg nie, dan wil God hê dat jy dit ernstig moet oorweeg of jy die regte kerk bywoon.

Iemand mag vra: "Gegewe die baie kerke wat ons vandag het, is dit regtig moontlik om te weet dat God 'n ware kerk in hierdie laaste dae het?"

Toe Jesus met die skrifgeleerdes en Fariseërs van Sy tyd gepraat het, het Hy hulle hierdie beginsel gegee: **As iemand gewillig is om Sy (God se) wil te doen sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is en of Ek uit Myself spreek.** - Joh. 7:17. Hierdie is die deurslaggewende punt. As iemand gewillig is om die wil van God te doen, sal hy weet of die leer waar is of nie. Is jy gewillig om God se wil te doen? Het jy gesê: "Here, ek maak my hart vir U oop. Wat U ook al wil hê ek moet doen, ek sal dit doen. As dit 'n verandering in my lewe beteken, ek is gewillig om daardie verandering te maak?"

As jy die waarheid wil weet, as jy in jou hart begeer om die waarheid te weet, as jy gewillig is om 'n verandering te maak soos God die waarheid aan jou openbaar, sal jy die waarheid ken. Jesus het self gesê: "Ek sal die waarheid aan julle in My Woord openbaar."

OPENBARING DEFINIEER DIE WARE KERK

Johannes beskryf die identifiserende kenmerke van God se laaste-dae oorblyfsel in Openbaring 12:7. Daar beskryf hy 'n Goddelik-voorspelde volk

wat hulle lojaliteit aan God deur gehoorsaamheid demonstreer. Johannes sê: **Die draak [Satan] was vertoorn op die vrou [kerk], en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge [die oorblyfsel] wat die gebooië van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.** Hier lees ons van die oorblyfsel. Lees ons van 'n oorblyfsel in die Bybel dwarsdeur die eeue? Ja. Het God altyd 'n oorblyfsel gehad? Ja.

Wil jy graag die oorblyfsel volk van God vandag vind? Dit is hulle wat, uit groot liefde vir Jesus en in reaksie op Sy offer aan die kruis, die gebooië van God wil onderhou. Drie keer beskryf die boek Openbaring God se ware, laaste-dae kerk as hulle wat Sy gebooië onderhou. Openbaring 14:12 voeg by: **Hier kom die lydsaamheid [volharding] van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooië van God en die geloof van [en in] Jesus bewaar.**

God se volk, Sy oorblyfsel, sal in die laaste dae AL Sy gebooië, insluitende Sy Sabbat [Saterdag] onderhou. Volgens die Bybel self kan enige kerk, wat nie die ware Sabbat onderhou nie, nie die oorblyfsel wees nie. Dit mag goeie dinge leer; dit mag die Bybel gebruik en mense help om Jesus te vind. Maar dit is nie die oorblyfsel van God vandag nie. Volgens die Skrif, die oorblyfsel van God **bewaar [onderhou] die gebooië van God.**

Het God dit nie eenvoudig gemaak om die identiteit van Sy oorblyfsel te ontdek nie? Hy het 'n duidelike toets gegee. Hy het dit eenvoudig gemaak, maar mense probeer om dit gekompliseerd te maak.

Iemand mag dink: *Dit maak geen verskil of 'n persoon die Sabbat onderhou en of 'n kerk die belangrikheid besef om die gebooië van God vandag te onderhou en gehoorsaam nie.* Maar wat sê jou Bybel?: **Salig is die wat sy gebooië doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.** - Openbaring 22:14. Manne en vroue wat deur Jesus Christus gered is, wat van hulle sonde deur Sy genade gereinig is, wat Hom liefhet, sal Sy gebooië onderhou en sodoende deur die hekke daardie stad binnegaan. Vriende, die Bybel gee ons 'n toets. Is die kerk wat jy

bywoon 'n Sabbat-onderhoudende kerk? Is dit 'n kerk wat die noodsaaklikheid van gehoorsaamheid leer?

DIE BOODSKAP VAN DIE WARE KERK

Het jy geweet dat die Bybel ons inderdaad vertel wat God se ware kerk in die laaste dae sal verkondig? Wat haar boodskap sal wees? Kom ons ontdek die boodskap van die ware kerk. Openbaring 14:7 beeld 'n engel, 'n boodskapper, wat met 'n luide stem sê: **Vrees God en gee aan Hom die eer, want die tyd het aangebreek vir Sy oordeel.** God se laaste-dae boodskap sê nie die oordeel is in die toekoms nie. Dit sê: "Ons lewe in die oordeelsuur." Die Sewendedag Adventiste Kerk is die enigste kerk waarvan ek weet wat leer dat ons nou in die oordeelsuur lewe!

Mag ek jou 'n paar indringende vrae vra? Is jy deel van die beweging wat al God se gebooie - insluitende die Bybelse Sabbat - onderhou? Is jy deel van die beweging wat die boodskap van Openbaring aan die wêreld verkondig? Is jy deel van die beweging wat verkondig dat die oordeelsuur in die hemel aan die gang is? Vriend, God se kerk verkondig 'n spesiale boodskap vir die aarde se laaste uur. Hierdie kerk is nie slegs 'n denominasie nie. Dit is 'n beweging - 'n beweging met 'n roeping wat God self opgerig het soos in die profesieë van Openbaring aangedui word.

Let weer eens, in Openbaring 14:7, op die boodskap van God se volk in hierdie laaste dae van die aarde se geskiedenis. Die boodskapper sê met 'n luide stem: **Vrees God en gee aan Hom die eer.** Hoe doen ons dit? Op watter wyse gee ons aan God eer? Let op een manier:

Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het en dat julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort. - 1 Kor. 6:19,20.

So die ware kerk, die oorblyfsel kerk, sal manne en vroue lei om nie slegs die Tien Gebooie te gehoorsaam nie, maar ook om die gesondheidswette te

gehoorsaam. God se ware kerk wys op die feit dat om die liggaam te besoedel teen God se wil is. Wanneer mans en vrouens hulle liggame met alkohol, tabak en onrein voedsel besoedel, verklaar die ware kerk: "Vrees God en gee Hom eer in wat julle eet en wat julle drink." Sy herhaal die woorde van Paulus in 1 Kor. 10:31 : **Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.** Die boodskap om gesond te lewe is 'n belangrike deel van die ware kerk se boodskap.

Openbaring 14:13 gee 'n volgende identifiserende kenmerk van God se beweging: **Skryf – salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees sodat hulle kan rus van hulle arbeid en hulle werke volg met hulle.** Volgens Openbaring sal God se ware kerk die antwoord op spiritisme hê. Terwyl menigtes glo dat die siel die liggaam verlaat en met die lewendes kan kommunikeer, sê die Bybel dat God se laaste-dae kerk die waarheid omtrent die dood sal leer. **Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe sodat hulle kan rus van hul arbeid.**

Prediker 9:5,6 verduidelik verder wat dit vir die gestorwenes beteken om van hulle arbeid te rus:

Die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie en hulle het geen loon meer nie, want hulle nagedagtenis word vergeet. Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn en hulle het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie.

Vriend, God se ware, laaste-dae kerk sal al God se gebooie, insluitende die Sabbat [Saterdag], onderhou [vier] en sal mans en vrouens tot gehoorsaamheid terug roep. Sy sal deur die gees van profesie gelei word. Sy sal die ewige evangelie dat Jesus red, verkondig en dat sondes vergewe kan word. Sy sal verkondig dat mans en vrouens van sonde verlos kan word. Sy sal verkondig dat ons in die oordeelsuur lewe. Sy sal mense duidelike riglyne gee dat hulle liggame die tempel van God is en sy sal pleit vir vrymaking van alkohol, tabak en onrein voedsel. Sy sal die feit verkondig

dat wanneer mense sterf, hulle in die stof van die aarde slaap. Hierdie is die boodskap van God se kerk in die laaste dae van die aarde se geskiedenis.

'N SAAK VAN AANBIDDING

Die Bybel leer ook dat God se beweging (kerk) in die laaste dae duidelik en vreesloos sal wys op die kwessies wat betrokke sal wees by die besluit, wat die wêreld in die gesig sal staar, aangaande die aanbidding van die Skepper of die ontvangs van die merk van die dier. Die ware kerk sal mans en vrouens lei om die Skepper te aanbid. Sy sal vertel wat die merk van die dier is en hulle van die aanbidding van die dier, wat die wet van God verander het en wat aanspraak maak dat die verandering 'n teken van sy gesag is, weglei. Hulle word daarvan bewus dat God 'n beweging (kerk) het wat spesifiek in Openbaring omskrywe word.

GOD SE WĒKROEP TOT JOU

Glo jy die Bybel, God se Woord, is belangriker as tradisie? [Die HAT definieer tradisie as: 1. Die oordra van geslag aan geslag, mondelings of in geskrif, van geestelike besittings, kultuurgoedere. 2. Die navolging van vaste oorgelewerde gebruike, menings, gevoelens, beginsels, ens. 3. Gebruike wat binne 'n groep oorgelewer is]. Het jy Christus as jou persoonlike Verlosser aangeneem? Glo jy Jesus kom regtig weer? Het jy die waarheid omtrent die Bybelse Sabbat en die toestand van afgestorwenes aanvaar? Daar is mense wat vir my vra: "Kan ek nie in my kerk bly en dit hervorm nie?" God sê jy moet uit Babilon kom. Jy mag wonder: "Kan ek die waarheid glo en bly net waar ek is?" Vriend, in elke afvallige- of wêreld-gelykvormige kerk is daar lidmate van God se onsigbare, ware kerk wat, as hulle veilig wil wees, moet uitkom. God roep jou om uit te kom, omdat Babilon geval het.

Die beroemde Katolieke outeur, kardinaal Gibbons, sê: "*Rede en begrip vereis die aanvaarding van die een of die ander van hierdie alternatiewe: òf Protestantisme en die heilig hou van Saterdag, òf Katolisisme en die heilig hou van Sondag. Kompromie is onmoontlik.*" - *Catholic Mirror*, 23 Desember

1893. Ek stem volkome met kardinaal Gibbons op hierdie punt saam. Die Katolieke kardinaal was reg toe hy gesê het dat kompromie onmoontlik is! Hierdie kwessies is te duidelik. Hulle vereis 'n keuse. Hierdie getuienes vereis 'n beslissing. God roep manne en vroue om standpunt in te neem.

Luister na die woorde van die Skrif: **Hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon.** - Openb. 18:2. Die moederkerk het geval. Haar tradisies het geval. Hierdie kerk, met klere van skarlaken en pers, het geval. Haar stelsel van beelde het geval. Alle instellings met die vals lering aangaande die toestand van afgestorwenes en die Sabbat het geval. Hulle het van die Skrif as die enigste gesag van geloof en praktyk afgedwaal.

Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaas ontvang nie (vers 4). Daar is nie 'n manier om in Babilon te bly sonder om in haar sondes te deel nie. Babilon het geval! Daar is geen manier wat jy haar kan verander nie. Jou sending, jou taak is om uit te kom.

God roep opregte manne en vroue uit daardie kerke wat van die bedwelmd-makende drank van Babilon gedrink het. Binnekort gaan die tyd uitloop. Binnekort sal elke mens sy of haar finale keuse moet maak: Ten volle vir Christus of ten volle vir tradisie; òf aan die kant van waarheid òf aan die kant van dwaling. Staan jy op die Skrifte of staan jy by mense en menslike plaasvervaarders.

Ons enigste veiligheid is om uit elke kerk te kom wat op tradisie gebaseer is, wat beelde in sy aanbidding gebruik, wat van die bedwelmd-makende drank gedrink het en wat steeds Sondag-aanbidding beoefen, wat in die onsterflikheid van die siel glo. God se wekroep is om uit te kom!

Jesus het gesê: **My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My.** - Johannes 10:27. Hy sê: "My kind, ek doen 'n beroep op jou. Ek het My skape, My volgelinge, in elke kerk. Ek doen 'n beroep op alle denominasies om hulle vooraf-gevormde opinies ter syde te stel en die Bybel

te volg. Ek spreek tot harte oral om uit te kom uit daardie kerke wat op tradisie gebaseer is."

Met jou Bybel in jou hand sê vir Jesus: "Ek kan nie anders nie; ek moet uitkom. Ek hoor U roepstem tot my hart. Ek sien hoe die heidendom en die Christendom in daardie vroeë eeue verenig het. Ek sien die saak nou baie duidelik. Ek sien dat God Sy klein oorblyfsel uit roep en ek het besluit om vir U, Here Jesus, standpunt in te neem. Ek is gewillig om uit te kom, selfs al beteken dit dat ek alleen staan. Omdat ek U liefhet, begeer ek om deel te wees van U gebooie-onderhoudende volk. Ek hoor U stem saggies fluister: '**As jy My liefhet, bewaar My gebooie.**' Ja, Here, ek sal volg!"

As jy nie gewillig is om 'n verandering in jou lewe te maak wanneer God die waarheid aan jou openbaar nie, sal jy nooit in staat wees om die waarheid te verstaan nie. As jy tevrede is waar jy is, as jy in jou standpunt vasgeanker is en sê: "Ek sal nooit 'n verandering maak nie", sal jy nooit God se waarheid ken soos jy behoort nie. As jou verstand toegesluit is vir toekomstige openbarings word dit onmoontlik om werklik die waarheid te ken. Voor ons werklik kan weet wat God wil hê ons moet doen, moet daar diep in ons harte 'n gewilligheid wees om te sê: "Here, as dit 'n verandering behels om U waarheid te volg gaan ek daardie verandering maak. Here, as dit 'n herrangskikking van my lewe beteken, maak U die verstelling, want ek wil U volg."

Maar iemand vra: "Kan jy regtig seker wees van die waarheid?" In Johannes 8:32 beantwoord Jesus self hierdie vraag. Hy sê: **Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.** Jesus sê: "As julle die waarheid wil ken, as jy in jou hart begeer om dit te weet, as jy gewillig is om 'n verandering in jou lewe te maak soos wat God die waarheid aan jou openbaar, sal jy dit ken." Jesus sê: "Ek sal die waarheid aan jou in my Woord openbaar."

Vriend, dit is geen toeval dat jy hierdie boekie lees nie. Van die miljoene mense in die wêreld het die Gees van God jou by hierdie punt in jou lewe

gebring om iets wonderliks aan jou te openbaar. Die Gees wil die glorieryke feit aan jou openbaar dat God 'n beweging [kerk] in hierdie laaste dae van die aarde se geskiedenis het. Wil jy nie besluit jy gaan deel wees van God se laaste dae beweging [kerk] wat in harmonie met die profesieë van die boek Openbaring tot stand gekom het nie?

Die Sewendedag Adventiste Kerk is die beweging met 'n eindtyd bestemming wat God in die boek Openbaring voorspel het. Dit is daardie beweging wat God self opgerig het. Dit het al die identifiserende kenmerke van die oorblyfsel kerk wat die Skrif beskryf.

Vader, ek glo U het 'n plan vir elke lewe. Ek glo U bring die waarheid tot my hart op die regte tyd, sodat ek daarop kan reageer om U in geloof te volg. Dwarsdeur die eeue van sonde het U 'n volk, 'n kerk gehad wat getrou aan U was. U het 'n oorblyfsel in hierdie laaste dae voordat Jesus kom en ek wil deel van U ware oorblyfsel kerk wees. Help my om my beslissing te maak om U te volg. Dankie Vader. Amen.

1. Mark Finley: *Why so many denominations?*

2. IDENTIFISERENDE KENMERKE VAN DIE OORBLYFSEL KERK

Wat is die Oorblyfsel [van die oorspronklike]?

In Johannes se beskrywing van die draak se stryd teen die vrou en haar afstammeling gebruik hy die uitdrukking **haar ander nakomeling**. - Openb. 12:17. Dié uitdrukking beteken die "oorblywendes" of die "oorblyfsel". Die Bybel beeld die oorblyfsel uit as 'n klein groepie van die kinders van God wat deur rampe, oorloë en afvalligheid getrou aan God bly. Hierdie getroue oorblyfsel was die wortelstok wat God gebruik het om Sy

sigbare Kerk op aarde te propageer (2 Kron. 30:6; Esra 9:14,15; Jes. 10:20-22; Jer. 42:2; Eseg. 6:8; 14:22).

God het aan die oorblyfsel die opdrag gegee om Sy heerlikheid [karakter] te verkondig en om Sy verstrooide kinders deur die hele wêreld na Sy "heilige berg Jerusalem, die berg Sion" (Jes. 37:31,32; 66:20; vgl. Openb. 14:1) te lei. Aangaande diegene wat so versamel is, sê die Skrif: **Dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan.** - Openb. 14:4.

Openbaring 12:17 gee 'n beskrywing van die laaste oorblyfsel in God se uitverkore geslag van gelowiges - Sy getroue getuiens in die laaste dae voor Christus se wederkoms.

Die bestaan van 'n eindtyd oorblyfsel word duidelik in Openbaring 12 geleer. Openbaring gee 'n oorsig van God se getroue volgelinge, gesimboliseer deur 'n vrou, wat na die wildernis vir 'n tydperk van 1260 dae gaan. [Die maatstaf vir profeties-simboliese tyd in die antieke Geskrifte, "een dag is gelyk aan een jaar", kan in hierdie profesie gebruik word. Dus 1260 dae is gelyk aan 1260 jaar, vgl. Esegïël 4:5,6 en Numeri 14:32-34.] Daar word sy versorg en geestelik deur God gevoed (v. 6,14). Deur die historiese metode van interpretasie te gebruik glo Sewendedagadventiste dat die 1260 dae verwys na die tydperk van pouslike oppergesag van die sesde tot die einde van die agtiende eeu (538-1798n.C.) waartydens baie van God se volk onderdruk, vervolg en gedood is. In Openbaring 12:17, na die vervulling van die profetiese tydperk van 1260 dae [1260 jaar], dit is in die negentiende eeu, word beskryf dat Satan sy aanval op die oorblyfsel van die vrou se saad - die eindtyd oorblyfsel van God se volk - rig.

BELANGRIKE KENMERKE VAN DIE OORBLYFSEL

Verskeie spesifieke en belangrike, identifiserende kenmerke van die eindtyd oorblyfsel word in Openb. 12:17 gevind: **En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die geboorte van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.** In Openb. 14:12 staan: **Hier kom die lydsaamheid**

[volhardend] **van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof van [en in] Jesus bewaar.** Verder verkondig hulle 'n bepaalde boodskap - die drie engele se boodskappe (14:6-12). Ons sal die betekenis van hierdie kenmerke in besonderhede ondersoek.

ONDERHOU DIE GEBOOIE VAN GOD

Die Griekse woord "entolé" (gebod) word primêr in die Nuwe Testament vir Goddelike gebooie gebruik. Daar is slegs 'n paar gevalle waar daar na menslike gebooie verwys word (Lukas 15:29; Joh. 11:57; Handeling 17:15; Kol. 4:10; Titus 1:14). Buite die Skrif word "entolé" algemeen vir die gebod van 'n koning gebruik. In 'n aantal Nuwe Testament- tekste verwys "entolé" duidelik na die Tien Gebooie (bv. Matt. 15:3,6; 19:17; Markus 10:19; Rom. 7:8-13). In die boek Openbaring verskyn "entolé" slegs twee keer (12:17; 14:12). Die onmiddellike konteks in albei hoofstukke verwys na God se volk as **hulle wat die gebooie van God bewaar.** Terwyl daar nie vir ons gesê word watter gebooie hulle bewaar nie, kan ons kwalik verkeerd gaan deur tot die slotsom te kom dat die Tien Gebooie primêr in albei gedeeltes ter sprake is.

"Watter betekenis mense ook al aan die frase **die gebooie van God** wil heg, moet dit verseker ten minste (indien niks anders nie) die Tien Gebooie beteken" - Clifford Godstein: *The Remnant*, p. 63.

Hy wat sê: Ek ken Hom - en sy gebooie nie bewaar nie - is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. - 1Joh. 2:4.

As julle My liefhet, bewaar my gebooie.- Joh. 14:15.

Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.- Openb. 22:14.

Ons moet byvoeg dat in Openb. 14:7, **Vrees God en gee Hom heerlikheid,** 'n regte verhouding met God en gehoorsaamheid aan Sy gebooie impliseer. Om God te vrees lei 'n mens tot belydenis. In die Skrif is om God te vrees nie net verbind aan die aanbidding van God nie, maar ook aan die

gehoorsaamheid aan Sy gebooie. Met ander woorde, hulle wat God vrees, hulle wat Sy gebooie onderhou (bv. Deut. 10:12 -13,20; 11:1,13,22; 30:6,16). In der waarheid is vrees as aanbiddelike eerbied en as gehoorsaamheid onskeibaar. Dus, om God te vrees is om Hom ernstig op te neem, 'n besliste ommekeer in die lewe te maak, in 'n verhouding met Hom te tree en geheel en al toegewyd te wees. God word dan verheerlik deur 'n lewe wat deur gehoorsaamheid aan Sy gebooie gekenmerk word.

Die Tien Gebooie definieer die kwaliteit van 'n geheiligde lewe voor God. Die Sabbatgebod, op sy beurt, is die teken van 'n behoorlike bewustheid van heiligmaking. Dus, die eerste identifiserende kenmerk van 'n eindtyd oorblyfsel is hulle lojaliteit aan God se gebooie. In die tyd van die apostels, die vroeë Kerk, sou die onderhouding van die Sabbat [Saterdag] nie 'n spesiale kenmerk gewees het nie, omdat almal die Sabbat onderhou het. Vandag, wanneer die meeste Christene Sondag onderhou, het die onderhouding van die Sabbatgebod voorwaar 'n onderskeidende kenmerk geword.

Die verwysing na die gebooie van God in Openbaring is nie van sekondêre belang nie. Nie alleen vind ons dit twee keer vermeld (12:17 en 14:12), elke keer met dieselfde basiese terminologie (gebooie van God en die getuienis/geloof van Jesus) nie, maar dit is ook aanwesig in konfrontasieverband rakende die draak [Satan], die dier [die Pousdom] en die vals profeet [afvallige Protestante] in hulle teenstand van die Tien Gebooie. Dit word ook gevind in die oproep tot gehoorsaamheid deur die drie engele aangekondig. Die draak is heel aan die begin as 'n moordenaar (sesde gebod) voorgestel. Sy bedoeling is om die nageslag van die vrou in die gedaante van die kind (12:5), of die oorblyfsel, te verwoes. Hy is as die duiwel, Satan (12:9), geïdentifiseer, die een wat Jesus 'n moordenaar van die begin af noem (Joh. 8:44). Die dier uit die see verskyn op die toneel van die konflik godslasterend (13:1,5,6). Sy taal verontagsaam die derde gebod. Die draak en die dier uit die see vereis aanbidding van hulself ondanks die eerste gebod wat uitsluitlik aanbidding aan God, die Verlosser (13:4), beveel.

In teenstelling hiermee is die oproep van die drie engele gerig op ware aanbidding wat gehoorsaamheid aan die Wet impliseer. Die verwysing na die Skepper God (**aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het**), die verlossende God (**die ewige evangelie**), en die regsprekende God (**die uur van sy oordeel het gekom**) sinspeel op die eerste tafel van die Wet wat God as Skepper (Ex. 20:11), Verlosser (20:2), en Regter (20:5-6) verkondig. Onbetwisbaar is daar verskeie parallele tussen Openb. 14 en die vierde gebod. In der waarheid is die agtergrond van Openb. 14 in 'n verbond verweef wat getrouheid en gehoorsaamheid vereis. Al die nodige strukture van 'n verbond is teenwoordig: 'n inleiding (14:6-7), 'n historiese voorrede (14:6), behoeftes (14:7,12) en getuies (14:10,13). Dit is duidelik dat daar 'n parallel is tussen Openb. 12:17 - **ander nakomelinge wat die gebooe van God bewaar en die getuienis van [en in] Jesus Christus hou** - en die verwysing in Openb. 14:12 na hulle wat **die gebooe van God en die geloof van Jesus bewaar**.

Die werkwoord "bewaar" is belangrik. In die literatuur van Johannes verwys dit spesifiek na die bewaring van die tradisionele godsdiens, wat na die leringe van Jesus verwys en wat as normgewend vir Christene beskou word (Joh. 14:21-24; 15:20). Die onderhouding van God se gebooe, of die van Jesus, word as 'n teken van Christelike lewenskragtigheid beskou. Daarom, in Openbaring, is die bewaring van God se gebooe 'n saak van blywende getrouheid aan die profetiese boodskap soos gegee aan en oorgedra deur die profete van die begin tot die einde. Die oorblyfsel staan uit omrede hulle begrip van die Skrif soos in hulle gehoorsaamheid aan God se gebooe uitgedruk. Hulle is die ware nakomelinge van die vrou.

Die geloof van Jesus is dieselfde geloof waarop Hy gedurende die versoekings in die wildernis vertrou het wat gebaseer is op: **Daar is geskrywe**. - Matt. 4:4,7. Sonder hierdie soort geloof in die Woord van God is dit onmoontlik om Hom aangename aanbidding te bewys (Heb. 11:6). Kortliks, die liefde van die oorblyfsel vir die geloof van Jesus en die gebooe van God identifiseer die groep as die profetiese getuies van die egtheid en geldigheid van die Woord van God. Die oorblyfsel is profeties daarin dat,

in 'n wêreld geneig om die dier en sy beeld te aanbid, hierdie groep getuig met Jesus namens die ware aanbidding van die Skepper God, aan wie hulle trou sweer.

Dit is onbetwisbaar dat die konflik tussen die drie diere - die draak, dier en valse profeet - en die nakomelinge van die vrou direk verwant is aan ware aanbidding en gehoorsaamheid aan die geboorte van God. Die oorblyfsel is 'n heilige oorblyfsel, herkenbaar omrede die groep se getrouheid aan die Skrifte.

Die Goddelike geboorte is in die Tien Geboorte opgesom en ten volle in die Skrifte van die Ou en Nuwe Testament geopenbaar. Soos die wêreld toenemend van die Goddelike geboorte wegdraai en hulle as verouderd beskou, word aan Christene gesê om hulle te onderhou. Hulle weet daar is groot beloning in hulle onderhouding (Ps. 19:11). God se wet sal dwarsdeur die eeue duur, hoef nie gewysig te word nie, is in alle kulture relevant en sal nooit herroep word nie.

DIE GETUIENIS VAN JESUS

Die tweede identifiserende kenmerk van God se eindtyd oorblyfsel is die getuienis van Jesus. Die frase **die getuienis van Jesus** kom ses keer in die boek Openbaring voor (1:2,9; 12:17; 19:10 (twee keer); 20:4).

In Openbaring 1:2,9; 12:17 en 20:4 is die uitdrukking **getuienis van Jesus Christus** elke keer in harmonie met die uitdrukking **die Woord van God** of die frase **die geboorte van God**. **Die Woord van God** is wat God gesê het; **die geboorte van God** is God se geboorte. Die **getuienis van Jesus Christus** is daarom ook Jesus se getuienis.

Die ooreenstemming tussen **die Woord van God** of **die geboorte van God** en **die getuienis van Jesus Christus** is baie belangrik tot 'n verstaan van laasgenoemde uitdrukking. "Die Woord van God" in Johannes se tyd verwys na die Ou Testament en die **getuienis van Jesus Christus** na wat Jesus in die evangelies en deur Sy profete soos Petrus en Paulus geleer het. Dit

verduidelik hoekom Johannes in Openb. 19:10 skryf: **Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.**

Wat is **die gees van die profesie**? Hierdie frase kom slegs een keer in die Bybel voor. Die naaste parallel word in 1 Kor. 12:8-10 gevind waar Paulus aandui dat die Heilige Gees die gawe van profesie as een van die geestelike gawes gee. Die persoon wat hierdie gawe ontvang, word 'n profete genoem (1 Kor. 12:28; Efes. 4:11). Net soos in 1 Kor. 12:28 diegene wat die gawe van profesie het profete genoem word, so word in Openb. 22:8-9 hulle wat die Gees van profesie het profete genoem (19:10).

Openbaring 19:10: **En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.**

Openbaring 22:8-9: **Ek [het] neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het. Toe sê hy vir my: Moenie! Want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God.**

Die situasie in albei gedeeltes is dieselfde. Johannes val voor die engel se voete neer om te aanbid. Die woorde van die engel se reaksie is bykans identies, tog is die verskil belangrik. In 19:10 word die broeders geïdentifiseer deur die frase **wat die getuienis van Jesus het**. In 22:9 word die broeders bloot "profete" genoem. Die Skrif verklaar homself, daarom, die vergelyking behoort tot die gevolgtrekking te lei dat **die gees van die profesie** in 19:10 is nie die besit van alle kerkklidmate oor die algemeen nie, maar slegs van diegene wat deur God geroep is om profete te wees.

Joodse lesers in Johannes se tyd het geweet wat die uitdrukking **die gees van die profesie** beteken. Hulle het die uitdrukking as 'n verwysing na die Heilige Gees verstaan wat die profetiese gawe aan mense toebedeel. Rabyne Judaïsme het die Ou Testament-uitdrukkings "Heilige Gees",

"Gees van God" en "Gees van Yahweh" met **die gees van die profesie** gelykgestel. Dit kan gesien word in die herhaaldelike voorkoms van hierdie frase in die Skrif:

Daarop het Farao aan sy dienaars gesê: Kan ons wel iemand vind soos hierdie man in wie die Gees van God is. - Gen. 41:38.

Maar twee manne het in die laer agtergebly: die naam van die een was Eldad en die naam van die ander Medad; en die Gees het op hulle gerus - hulle het behoort by die wat opgeskrywe was, hoewel hulle nie na die tent uitgegaan het nie - en hulle het in die laer geprofeteer. - Num. 11:26.

Toe sê die Here aan Moses: Neem vir jou Josua, die seun van Nun, 'n man in wie die Gees is; en lê hom die hand op. - Num. 27:18.

Ons kan dus sê dat in Openb. 12:17 die tweede kenmerk van die oorblyfsel Kerk is **die getuienis van Jesus** wat die gees van profesie is of die profetiese gawe. Hierdie gawe is onder die eindtyd oorblyfsel teenwoordig. Sodanige profetiese leiding maak die oorblyfsel 'n profetiese volk wat 'n profetiese boodskap verkondig. Hulle sal die profesie verstaan en onderrig. Die openbaring van die waarheid wat deur die oorblyfsel ontvang word, help hulle om hul sending te voltooi om die wêreld vir die wederkoms van Christus voor te berei.

'N VOLHARDENDE VOLK

Die derde kenmerk van die oorblyfsel Kerk is dat hulle **die lydsaamheid van die heiliges** het (Openb. 14:12). Openbaring 14 kan in vier afdelings verdeel word:

1. God se verlose volk (14:1-5).
2. Die drie engele se boodskappe (14:6-12).
3. Die stem uit die hemel en 'n seën (14:13).
4. Die afoes van die aarde by die Tweede Koms (14:14-20).

Openbaring 14 begin met Johannes se visioen van die oorblyfsel wat op die berg Sion staan. Hulle volg die Lam waar Hy ook heengaan (v.4). Dan word Johannes in tyd teruggeneem na die gebeure wat daartoe gelei het wat hy nou sien (v. 1-5), die verkondiging van die drie engele se boodskappe (v. 6-12) en die Tweede Koms (v. 14-20). In vers 12 voorsien hy 'n ander uitstaande kenmerk van die oorblyfsel: hulle het naamlik die "lydsaamheid" [volharding] van die heiliges.

Die woord 'lydsaam' beteken geduldig, gelate, berustend, volhardend. Die regverdiges wag op die Here (Ps. 36:9; 37:9; Jes. 8:17; 40:31; Miga 7:7). Omring deur goddeloosheid en baie innerlike benoudheid, weet die regverdiges dat hulle deur God beskerm word en dat hulle slegs vir Sy bevrydingsdaad wag wat 'n verligting van hulle situasie sal bring. So sê Miga byvoorbeeld: **Die vrome het verdwyn uit die land, en daar is geen opregte meer onder die mense nie... Maar ek sal uitsien na die Here, ek wil wag op die God van my heil, my God sal my hoor (7:2,7).**

In die Nuwe Testament beskryf, **Mag die Here julle harte rig tot die liefde van God en die volharding van Christus (2 Thess. 3:5)**, die basiese houding van die regverdiges soos in die Ou Testament vertoon - hulle wag geduldig vir die koms van Christus. Dit stem ooreen met die hooftema van die twee briewe aan die Thessalonicense en met 1 Thess. 1:3 in besonder waar Paulus praat van **die lydsaamheid van julle hoop op onse Here Jesus Christus**. Die gebed was heelwaarskynlik 'n versoek tot die Here om die Thessalonicense te lei om dieselfde volharding te toon wat Christus getoon het toe Hy vervolging gely het.

Die geduld en volharding van die gelowiges is een van die primêre temas in die boek Openbaring waar ons sewe verwysings na volharding het (1:9; 2:2-3,19; 3:10; 13:10; 14:12). In sy inleiding beskryf Johannes homself as 'n deelgenoot in die verdrukking van die Christene in Klein-Asië wat in staat is om in Jesus te volhard.

In die briewe aan die sewe gemeentes verskyn volharding vier keer (Openb. 2:2-3, 19; 3:10). Efese, Thiatire en Filadelfia word geprys vir hulle volharding en geduld. Daar is vertikale en horisontale aspekte van volharding in die boodskappe aan hierdie kerke. Die vertikale aspek is hulle getrouheid aan God, daarin dat hulle geduldig/volhardend op God wag; die horisontale aspek is hulle weerstand teen die versoekings van hierdie wêreld en hulle volharding teen sonde. In die boodskap aan Filadelfia word Christus se volharding die model vir die volharding van die Filadelfiane in hulle eie beproewinge (3:10).

Die laaste twee gebruike van volharding in Openbaring verwys duidelik na dieselfde situasie (13:10; 14:12). Albei hoofstukke handel oor eindtyd gebeure en beskryf God se volk in hulle finale worsteling met God se vyande. In Hoofstuk 13 aanbid al die bewoners van die aarde die dier, behalwe hulle wie se name in die boek van die lewe geskrywe is (v.8); hulle is soos hulle **Here wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel.** - 1 Pet. 2:23.

Die heiliges van Openbaring 14:12 is dieselfde as die van Openbaring 13:7 teen wie die sataniese drie-eenheid, die draak, die dier, die vals profeet, oorlog voer en wat die nakomelinge van die vrou genoem word (12:17). In Openb. 14:12 word die heiliges gekontrasteer met diegene wat die dier en sy beeld aanbid. Die heiliges is nie mislei deur die wonderbaarlike tekens wat met die aanbidding van die dier geassosieer word nie.

Hulle is vasberade in hulle oortuigings, nie gelei deur vals oorreding nie. Bo alles is hulle aan hulle God lojaal, gereed om verliese te ly, fisiese ontberinge en selfs die dood om hulle verhouding met Hom vol te hou. Hulle wag volhardend op die wederkoms van hulle Here.

Alhoewel dit lyk of die koms van Jesus vertraag word, alhoewel twyfel en vrees aanval, verloor Sy volk nooit hoop nie. Hulle volhard tot die einde. Hulle weet dat Hy wat belof het, getrou is en eendag sal Hy terugkeer.

Gekasty deur vals idees, deur godsdienstige verbonde aangeval, deur siviele owerhede gedreig, hulle hou met standvastige lojaliteit aan wag.

Die boodskap van hierdie tekste is duidelik: Satan en sy demoniese magte mag hulle uur hê, maar God beheer die toekoms, en gelowiges behoort aan Hom so lank as hulle hul vertrou in Hom plaas en volhardend hulle geloof uitleef deur God se gebooie te bewaar.

BEWAAAR DIE GELOOF VAN EN IN JESUS

Hierdie uitdrukking beteken dat die volk van God geloof in Jesus het, omdat die geloof **van** Jesus iets is wat hulle bewaar. "Die geloof" verwys waarskynlik na die Christelike oorlewering, die inhoud van die leringe wat in Jesus sentreer. Judas 3 mag 'n parallel voorsien: **Die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. God se lojale volgelinge bewaar die geloof van Jesus, hulle bly aan die basiese Christendom getrou - hulle "bewaar die geloof."**

"Geloof" is 'n sleutelwoord in die Nuwe Testament wat die verhouding beskryf waartoe die evangelie manne en vroue roep - die van vertrou in God deur Jesus Christus. Geloof of vertrou in God veronderstel 'n bietjie kennis van Hom. Deur die Skrifte rus vertrou in God op die oortuiging van wat Hy omtrent Sy karakter en bedoelinge geopenbaar het.

Paulus beskryf herhaaldelik geloof as om **die waarheid** (Titus 1:1; 2 Thess. 2:13; Rom. 2:8, ens.) te ken, te glo en te gehoorsaam. Maar geloof in die Nuwe Testament is nie primêr kennis omtrent God nie; dit is eerder 'n Goddelike gawe (Ef. 2:8; 2 Pet. 1:1; Hand. 18:27; Fil. 1:29) wat vryelik aan almal, wat gewillig is om dit te ontvang, gegee word (Rom. 8:32; 1 Kor. 2:12). Mense kan nie Goddelike realiteite begryp en daartoe kom om God te vertrou sonder die trekking en verligting van die Heilige Gees nie (Joh. 6:44,65; 16:13).

Die frase die **geloof bewaar** kan objektief verstaan word as om aan die Christendom getrou te wees en subjektief om die leerstellings van Jesus te

bewaar. **Die geloof van Jesus** verwys primêr na die leerstellige inhoud van die Christelike geloof wat in Jesus gesentreer is. Dit is ook die posisie wat deur die Sewendedagadventiste se fundamentele leerstellings ingeneem word. Met verwysing na die term **die geloof van Jesus** sê dit: "God se oorblyfsel volk word gekenmerk deur 'n geloof soortgelyk aan die wat Jesus gehad het. Hulle gee Jesus se onwrikbare vertroue in God en in die gesag van die Skrif weer.... Hulle geloof omvat al die Bybelwaarhede - die wat Christus geglo en verkondig het" (*Sewendedag Adventiste Glo*, p.172).

Die heiliges in Openb. 14:12 sal in die finale krisis standvastig bly in hulle lojaliteit aan God en Sy Woord. Soos Jesus die geboorte van God deur geloof in Hom bewaar het, so sal Sy oorblyfsel deur geloof in Jesus gehoorsaam en **die geloof van Jesus** bewaar, dit is, hulle sal leer wat Hy geleer het, hulle sal sê wat Hy gesê het en hulle sal doen wat Hy gedoen het; hulle sal stewig vashou aan die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is (Judas 1:3).

"Die oorblyfsel kom na die tydperk toe die vrou na die woestyn gevlug het, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd (vers 14) of **duisend twee honderd-ensestig dae lank** (vers 6).

Die visioen maak dit duidelik dat **na** die 1260 dae die draak sy aanslae op die nakomelinge van die vrou sal konsentreer.

Die vervolging van die heiliges in Daniël 7 ontsluit die tydsraamwerk van Openbaring 12:6,14. Daniël het van vier diere gedroom. Die eerste **soos 'n leeu** (Daniël 7:4), was Babilon; die tweede **soos 'n beer** (vers 5), was Medo-Persië; die derde **soos 'n luiperd** (vers 6), was Griekeland; en die vierde **skrikwekkend, vreesaanjaend en baie sterk** was heidense Rome. Hierdie vierde dier het "tien horings", 'n parallel met die tien-horige draak van Openbaring 12:3, wat ook Rome in sy heidense stadium voorstel. Dus is daar 'n duidelike verband tussen Daniël 7 en Openbaring 12. Volgens Mattheüs het heidense Rome (deur middel van Herodes) probeer om die vrou se kind, Christus, **te verslind sodra sy hom in die wêreld bring**.

In die visioen van Daniël 7, het 'n magtige horinkie met **mens-oë en 'n mond wat groot dinge spreek** (vers 8) uit heidense Rome voortgespruit. Hierdie horinkie-mag, wat nie van die vierde dier (Rome) geskei was nie maar deel daarvan, **het oorlog (ge)voer met die heiliges en hulle oorwin** (vers 25) - dieselfde tydperk dat die vrou van Openbaring 12, God se Kerk, na die woestyn weg van die draak, wat haar vervolg of ("**om oorlog te voer**") gevlug het. Vanselfsprekend verwys Daniël en Openbaring na dieselfde gebeurtenis. Die Septuagint, 'n vroeë Griekse vertaling van die Hebreeuse Bybel, gebruik basis dieselfde frase in Daniël 7:25 as wat Johannes in Openbaring 12:14 doen. Omdat Openbaring so baie van die Ou Testament leen, het Johannes waarskynlik die frase direk uit Daniël 7:25 self geneem.

Die horinkie, moet dan ook Rome wees, alhoewel nie in sy pouslike fase nie. En die **tyd en tye en die helfte van 'n tyd** van Daniël 7:25 en Openbaring 12:14 beskrywe albei die tydperk van pouslike Rome se vervolging van die "heiliges van die Allerhoogste" of "die vrou." Die draak het Rome gebruik, in sy heidense fase, om Christus te probeer vermoor (Openbaring 12:4) en hy het Rome weer, in sy pouslike fase, gebruik om die Here se Kerk aan te val (verse 6 en 14).

Wanneer is die spesifieke tydperk van daardie aanval?

In Daniël 7 doen simboliese diere simboliese dinge in 'n simboliese tydsraamwerk. 'n **Tyd en tye en die helfte van 'n tyd** is net so min die gewone manier om tyd aan te dui as die **duisend-tweehonderd-en-sestig dae**. Hoekom sê die profeet nie bloot "drie en 'n half jaar" as hy letterlik drie en 'n half jaar bedoel nie? Profesie vereis egter - soos baie kommentators deur die eeue geglo het - die dag-jaar beginsel, wat beteken dat die "tyd en tye en die helfte van 'n tyd" en die **duisend tweehonderd-en-sestig dae** in werklikheid 1260 jaar aandui.

Adventiste kommentators het die begin van die profesie as 538 n.C., toe die pousdom die laaste Asiese mag uit Rome verdryf het, vasgestel en 1798 as sy einde toe die Franse die pous gevange geneem het. Alhoewel, hierdie

presiese datums is nie 'n vereiste om die profesie te verstaan nie. Daarenteen, twee eenvoudige punte, stewig in die Skrifte gevestig, is voldoende. Eerste, die vervolging in sowel Daniël 7 as Openbaring 12:6,14 het van pouslike Rome gekom. Tweede, die dag-jaar beginsel is op hulle tyd-profesieë van toepassing. Met hierdie twee profetiese grondstellings word hierdie kenmerk van die oorblyfsel duidelik.

Pouslike Rome het in die sesde eeu n.C. tot stand gekom. Twaalfhonderd en sestig jaar later bring ons ten minste by die laat agtiende of vroeë negentiende eeu. Daarom, slegs **na** daardie spesifieke periode verskyn **haar ander nakomelinge** vir die eerste keer. Dus, dit is **na** die laat agtiende of vroeë negentiende eeu toe die 1260 jaar geëindig en die oorblyfsel die eerste keer verskyn het.

Alhoewel die profetiese tydsraamwerk, in en op sigself, wys wie die oorblyfsel is, wys dit ook wie dit nie is nie. Omdat die oorblyfsel slegs na die 1260-jaar tydperk kan verskyn, êrens na die laat agtiende of vroeë negentiende eeu, is al die groot kerke van die Hervorming outomaties uitgeskakel. Hoewel mense van hierdie instellings kan en sal en wil deel van die oorblyfsel word, was hierdie denominasies as verenigde entiteite direk uit die Hervorming, wat in die sestiende en sewentiende eeue ontstaan het, te vroeg om "haar ander nakomelinge" te wees. Lutherane, Metodiste, Baptiste, Sewendedag Baptiste, Episkopale, Presbiteriane en ander Protestantse kerke het almal te lank reeds bestaan om die oorblyfsel soos in Openbaring 12:17 beskryf te wees. "Haar ander nakomelinge" moet êrens **na** die 1260-jaar tydperk, **na** die laat agtiende of vroeë negentiende eeu kom.

Die identifisering van die oorblyfsel behels egter nie net hierdie kenmerk nie. Baie uiteenlopende kerkinstellings het na die 1260-jaar tydperk verskyn. Daarom moet al die bogenoemde kenmerke in ag geneem word om die oorblyfsel te identifiseer."- Clifford Goldstein: *The Remnant*, pp. 61-63.

DIE BOODSKAP VAN DIE OORBLYFSEL

Laastens, die oorblyfsel word gekenmerk deur die verkondiging van die boodskap wat in Openb. 14:6-12 gevind word, nl. die Drie Engele Boodskap. Hierdeur spreek God die sataniese misleidings, wat in die wêreld voor die sluiting van die kosmiese konflik sal bestaan, aan. Die boodskap is geanker in die ewige, goeie nuus van verlossing deur Christus - die ewige evangelie (Openb. 14:6). Die verkondiging hiervan geskied kort voor die wederkoms van die Here en is direk verbind met die laaste oordeel, wat, volgens Paulus, deel is van die evangelie (Rom. 2:16). Vir gelowiges is daardie oordeel goeie nuus, omdat Christus hulle groot hoëpriesterlike Middelaar voor die Vader is.

Die mensdom word uitgenooi om God eerder as die dier en sy beeld te aanbid (Openb. 14:7; 13:12-15). In 'n tyd wanneer die Christelike wêreld grootliks die teorie van natuurlike evolusie aanvaar het, doen die oorblyfsel 'n beroep op die mensdom om **aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het** (14:7).

Die verkondiging van die ewige evangelie vind plaas binne die konteks van die laaste misleiding van die draak, die dier en die vals profeet. Wanneer die eindtyd afvalligheid sy hoogtepunt bereik, maak die oorblyfsel die wêreld waaksaam rakende daardie daad van rebellie en kondig die val van geestelike Babilon - die beliggaming van daardie afvalligheid - aan. Adventiste, soos die Hervormers, het die teenwoordigheid van afvalligheid binne die Christendom geïdentifiseer. Hulle verwag dat hierdie afvalligheid nuwe dimensies sal bereik. Dit is daarom belangrik om die dood van geestelike "Babilon" aan te kondig. Die oorblyfsel kondig ook die finale uitwissing van die onheilige drietal aan en hulle wat hulself met sy program identifiseer (14:9-11). Hulle boodskap is God se finale oproep aan elke nasie, stam, taal en volk om vir die finale oordeel voor te berei. Onbetwisbaar, het God Sy volk in alle kerke, maar Hy roep hulle deur Sy oorblyfsel om uit "Babilon" uit te kom ter voorbereiding vir Sy Tweede Koms (Openb. 18:4).

OPSOMMING EN GEVOLGTREKKING

Die oorblyfsel Kerk in Openbaring, wat volgens Openb. 12:17 na die 1260-dae [1260 jaar] tydperk (dit is na 1798) verskyn het, het verskeie, spesifieke, identifiserende kenmerke: Hulle bewaar die gebooië van God, insluitend die Sabbatgebod; hulle het die getuienis van Jesus, wat die gees van profesie of die profetiese gawe is. Profesie moet onder hulle geopenbaar word [manifesteer], omdat "die gees van die profesie" een van die belangrike identifiserende kenmerke van die oorblyfsel is. [Die gees van profesie word in die bediening van Ellen G. White geopenbaar. Hulle is 'n volhardende volk, dit is, hulle het die geduld en volharding wat Paulus sê die resultaat is van Christus se teenwoordigheid in ons verdrukkinge (Rom. 5:3-4); hulle bewaar die geloof van Jesus, dit is, hulle is getrou aan wat Jesus geglo en geleer het; en hulle verkondig die drie engele se boodskappe wat God se volk vir die Tweede Koms voorberei.

Openbaring 14:6-12 spel die boodskap uit wat die oorblyfsel teen die einde van die tyd verkondig. Hulle wat deel is van God se oorblyfsel volk sal die wêreld waarsku dat die uur van God se oordeel aangebreek het en sal diegene roep wat gewillig is om die Here by Sy wederkoms te ontmoet. Die kenmerke van die oorblyfsel daag ons om hulle te bestudeer, sowel as om hulle in ons lewens te verwesenlik.

2. Angel Rodriguez: *Toward A Theology of the Remnant*, pp. 139-158.

3. FUNDAMENTELE LEERSTELLINGS VAN DIE OORBLYFSEL KERK

1. DIE WOORD VAN GOD

Ek glo dat God elke Bybelskrywer deur die influistering van die Heilige Gees geïnspireer het. Alles wat in die Woord van God staan, is die waarheid. Dit kan my help om 'n gelukkige en gesonde lewe te lei.

2. DIE GODHEID

Ek glo dat die God wat my liefhet, Een wese is wat deur drie verskillende entiteite uitgebeeld word - as God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Elke persoon van die Godheid het die volgende strewende: om my te leer hoe om 'n beter, meer sinvolle lewe te lei.

3. GOD DIE VADER

Ek glo dat God die Vader my - asook alle ander wesens in die heelal - aan die lewe hou. Hy is goedhartig en vergewensgesind en sal my nooit in die steek laat nie.

4. GOD DIE SEUN

Ek glo dat Jesus God die Seun is en dat Hy die wêreld en die goeie daarin geskape het. Hy het 2 000 jaar gelede terug aarde toe gekom: in die vorm van 'n babatjie wat grootgeword en 'n sondelose lewe gelei het. Hy het aan die kruis gesterwe, sodat ek eendag vir ewig saam met Hom in die hemel kan woon.

5. GOD DIE HEILIGE GEES

Ek glo dat God die Heilige Gees in my gedagtes met my praat wanneer ek ook al bang, hartseer of eensaam voel. Ek hoor sy stille fluisterstem in my gedagtes. Die Heilige Gees vertrou my in tye van nood. Daardie fluisterstem probeer om my te help sodat ek tussen reg en verkeerd kan onderskei, deur my skuldig te laat voel wanneer ek sonde doen en deur my vreugdevol te stem wanneer ek besluit om sonde te weerstaan.

6. DIE SKEPPING

Ek glo dat Jesus alles in ses dae geskape en toe op die sewende dag gerus het. Toe Hy klaar die bome, diere, oseane, berge en mense gemaak het, het Jesus sy handewerk aanskou en vreugdevol aangekondig: "Dit is sommer baie goed!"

7. DIE MENS SE NATUUR

Ek glo dat Jesus die mens na God se beeld geskape het. Elke mens word gebore met die voorreg om self besluite te neem en op te tree soos hulle goed dink. Alhoewel sonde en die mens se swak besluite pyn en lyding aan baie gebring het, is ons steeds God se kinders. Met die hulp van die Heilige Gees kan ons steeds vir mekaar omgee net soos God vir elkeen van ons omgee.

8. DIE GROOT STRYD

Ek glo dat Satan werklik bestaan en dat hy almal leed wil aandoen. Hy doen sy uiterse bes om sonde deel van ons lewens te maak. God wil hê dat ons elke dag met vreugde, blydskap en liefde moet leef. God en Satan probeer albei om beheer oor ons lewens en ons toekoms te verkry. Jesus stuur vir ons die Heilige Gees om sonde te oorwin en liefdevolle engele om ons te lei en te beskerm.

9. DIE LEWÊ, DOOD EN OPSTANDING VAN JESUS

Ek glo dat Jesus 'n volmaakte lewe gelei het om vir ons te wys dat dit moontlik is om sonde te oorwin. Hy het aan die kruis gesterwe, sodat ek nie my plek in die hemel hoef te verloor as gevolg van my sondes nie. Daarna het God die Vader Jesus uit die dood opgewek om vir ons te wys hoe Jesus ons eendag uit die dood gaan opwek wanneer Hy weer kom.

10. DIE BELEWENIS VAN VERLOSSING

Ek glo dat wanneer ek Jesus nooi om in my hart te kom woon, Hy my van binne verander. Ek wat 'n sondaar is, verander dan in 'n kind van die Here, sodat ek gereed is om vir ewig in die hemel te woon. Deur my Bybel te lees en die liefdevolle raad van die Heilige Gees te volg leer Hy my hoe om soos Hy te wees. Danksy Jesus het ek die versekering dat my sondes vergewe is en dat ek eendag 'n plekkie in die hemel gaan hê.

11. OM TE GROEI IN JESUS

Ek glo dat veranderings begin plaasvind in 'n mens se lewe wanneer jy Jesus nooi om in jou hart te kom woon. Alles verander - die boeke wat 'n mens lees, die dinge wat 'n mens op die TV en Internet kyk; wat jy eet, die gesprekke en musiek waarna 'n mens luister; die kuierplekke wat jy besoek, selfs die woorde wat by jou mond uitkom. Die bladsye van die Bybel sal soos 'n lewenshandboek vir jou word en jy sal dwarsdeur die dag met Jesus wil praat. Hierdie veranderings is 'n daaglikse proses totdat Jesus terugkeer.

12. DIE KERK

Ek glo dat die kerk 'n plek is waar mense wat Jesus liefhet Hom tesame, en met vreugde en groot afwagting, kan loof en prys. Dit is amper soos 'n weeklikse familiesaamtrek. Jesus het Sy Kerk lief en volg alles wat daar gesê en gesing word.

13. DIE OORBLYFSEL EN HAAR SENDING

Ek glo dat sommige kerkmense voor Jesus se wederkoms sonde in plaas van verlossing sal kies. Die wat getrou aan Jesus en die roepstem van die Heilige Gees gaan bly, word die oorblyfsel genoem. Daardie mense sal hul uiterste bes doen om die liefde van God reg oor die wêreld te verkondig. Alhoewel die oorblyfsel slegs 'n klein groepie mense is, gaan hulle deur Sy Gees groot dinge vir God vermag, sodat Jesus spoedig kan terugkeer.

14. EENHEID IN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS

Ek glo dat elke gemeente wie se lede die Here aanbid, mense van alle nasies, taal- en rassegroepe behoort te verwelkom. In die oë van die Here is ons almal gelyk. Hoe ons lyk en hoe ons klink, is nie van belang nie. Ons is almal kinders van die Here.

15. DIE DOOP

Ek glo dat wanneer ek gedoop word, ek vir almal toon dat ek die Here liefhet en dat ek my lewe aan God se werk wil wy. Die doop beteken dat jy as 'n

sondaar begrawe word en dan uit die dode opgewek word, gereed vir 'n nuwe lewe in Jesus Christus.

16. DIE NAGMAAL

Ek glo dat Jesus by ons 'n wonderlike begrip probeer vestig het toe Hy reg voor Sy kruisiging Sy laaste maaltyd saam met Sy dissipels geëet het. Jesus het gesê dat die druivesap (wyn) Sy bloed verteenwoordig wat vir ons vergiet is en dat die brood Sy gebroke liggaam verteenwoordig. Wanneer ek dus by die kerk aan "Die Heilige Nagmaal" deelneem, help dit my om Jesus se offer vir my beter te verstaan.

17. GEESTELIKE GAWES EN BEDIENINGE

Ek glo dat God vir ons almal spesiale talente gegee het om in Sy diens te gebruik. Ons almal het 'n aanleg vir verskillende vaardighede - soos om musiek te maak, preke te preek, kunstig te wees. Bybelstudies te gee, siek mense te besoek of om besoekers gemaklik te laat voel by die kerk. Elke geestelike gawe en talent is belangrik in die werk van die Here.

18. DIE GAWE VAN PROFESIE

Ek glo dat die mense in God se kerk behoefte aan leiding het, sodat ons kan weet hoe om te leef en wat ons in die toekoms te wagte kan wees. Daarom het die Here 'n vrou, Ellen G. White, geroep om 'n profetes te wees en ons die nodige leiding en onderrig te gee en ons reg te help. Haar boeke en briewe help ons ook om die belangrike lesse in die Bybel beter te verstaan.

19. GOD SE WET

Ek glo dat God se Tien Gebooe die beste maatstaf is om 'n sinvolle lewe te lei. Elke gebod is daar om my teen sonde te beskerm en sodat ek my medemens en die Here beter kan liefhê. Elke gebod is 'n toonbeeld van hoe baie God my liefhet en Sy diepe begeerte dat ek 'n gelukkige en gesonde lewe moet lei. Om die Tien Gebooe getrou na te volg is soos om vir jou medemens en vir God te sê dat jy hulle liefhet.

20. DIE SABBAT

Ek glo dat God die sewende dag (Saterdag) as 'n heilige dag geskep het. Hy beveel ons om te rus, Hom te aanbid en op daardie dag spesiale werk vir Hom te doen, om vir Hom en ook vir ander, te wys ek glo dat God die Skepper is van alles wat goed is. God se heilige Sabbat begin wanneer die son Vrydagaand sak en eindig wanneer die son Saterdagdagaand sak.

21. RENTMEESTERSKAP

Ek glo dat alles aan God behoort; die bome, die blomme, die diere - en selfs ek. God het my gevra om om te sien na Sy skepping. Ek moet alles en almal om my - insluitende my eie liggaam en verstand - teen onheil beskerm. Ek gaan dus al God se handewerk koester. Ek is baie trots om God se rentmeester te wees en toon dit deur getrou 'n tiende (10%) van my tyd, talente en geld aan Hom te gee. Ek wil hê dat die Here Sy seëninge oor die aarde - en alles en almal daarop, insluitende myself - moet uitstort.

22. CHRISTELIKE OPDRAG

Ek glo dat mense wat sê dat hulle Jesus liefhet anders as die kinders van Satan behoort op te tree. Hulle praat, eet, werk en speel is heeltemal anders. My doen en late behoort te toon dat Jesus in my hart woon en dat ek my bes probeer om Sy reëls van liefde te volg.

23. DIE HUWELIK EN DIE GESIN

Die Here vra ons om hier op aarde gesinne te bevorder. Ek glo dat ons op daardie manier die vreugdes van 'n lewe in die hemel saam met Jesus beter kan verstaan. Ons hemelse Vader wil hê dat ons aardse wonings moet skep waarin ons veilig kan wees, plekke waar ons van God se liefde en vergifnis kan leer. Wanneer ons ons broers en susters, ons ouers en grootouers, ons ooms en tannies liefhet, is dit 'n pragtige voorsmakie van hoe die lewe in die hemel eendag gaan wees, om saam met ander mense te wees wat verkies om God lief te hê en gehoorsaam te wees.

24. JESUS SE BEDIENING IN DIE HEMELSE HEILIGDOM

Ek glo dat die Here vir Moses en die Israëliete beveel het om 'n draagbare tempel in die woestyn op te slaan as 'n vooruitskouing van die werk wat Jesus op die oomblik in die hemel doen. In die woestyn het die priesters diereoffers aan die Here gebring vir die vergifnis van sonde en die veroordeling van die wat verkies het om bose lewens te lei. Jesus verrig nou dieselfde taak in die hemel. Hy is ons hemelse Hoëpriester wat ons vergewe, ons harte reinig van sonde en verlang om ons in die hemel te hê.

25. DIE WEDERKOMS VAN JESUS

Ek glo dat Jesus se koms om die draai is, dat Hy terugkeer na die aarde en almal na die hemel gaan neem wat verkies het om aan Hom gehoorsaam te wees en Hom lief te hê. Op daardie dag gaan almal wat Hom haat, vernietig word; terwyl die res - selfs dié wat in Christus gesterwe het voor sy koms - hierdie donker wêreld lewend sal verlaat om vir ewig saam met Jesus te woon.

26. DIE DOOD EN DIE OPSTANDING

Ek glo dat Jesus mense uit die dood kan opwek. Hy het dit in die verlede gedoen, toe Hy Lasarus en die weduwe se seun uit die dood opgewek het, en Hy gaan dit weer doen op die dag van Sy wederkoms. Selfs al is sekere van die mense in my gesin en familie nou in hul grafte, gaan ek hulle op daardie dag weer sien, omdat die Here mag het oor die dood.

27. DIE MILLENNIUM

Ek glo dat ons eendag nie meer sonde en sondaars op die nuwe Aarde sal hê nie. Hulle wat God op hulle sterwensdag gehaat het, sal dan beseft dat die Satan hulle bedrieg het en sal insien dat God se oordele regverdig was en is; maar omdat die teenwoordigheid van God hulle nie meer beskerm nie, sal Satan en alle sondaars geheel en al deur vuur vernietig word.

28. DIE NUWE AARDE EN DIE EINDE VAN SONDE

Ek glo dat my hemelse Vader, na die vernietiging van Satan en alle onboetvaardige sondaars, spesiaal vir die verlostes 'n splinternuwe aarde gaan skep. Daar sal geen dood, tranes, pyn of lyding meer wees nie. Almal sal in vrede en in liefde saamwoon. Boonop gaan ek daardie pragtige, nuwe aarde vir ewig saam met my huismense en almal wat God liefhet, geniet.

3. Maranatha, Junie 2016.

4. PILARE VAN ADVENTISME

Die **Pilare van Adventisme** is koersbaken leerstellings vir Sewendedag-adventiste; Bybelse leerstellings wat definieer wie hulle as gelowiges is; leerstellings wat "onderhandelbares" in Adventiste teologie is. Die Sewendedag Adventiste Kerk leer dat hierdie Pilare nodig is om die wêreld vir die wederkoms van Jesus Christus voor te berei en sien hulle as 'n sentrale deel van hulle eie missie. Adventiste leer dat die Sewendedag Adventiste Kerk se leerstellings 'n voortsetting is van die Hervorming wat in die sestiende eeu begin was, sowel as 'n eindtyd beweging wat God se finale boodskape en waarskuwings aan die wêreld bring.

Die vroeë Adventiste het die konsep van "die waarheid wat by julle is" (vgl. 2 Pet. 1:12) beklemtoon. James White verduidelik: "Die kerk het nog altyd 'n waarheid wat aan haar bekend gemaak is, gehad. Die waarheid wat by ons is, is dit wat ons huidige pligte en ons regte uitgangspunte aandui. Die waarheid wat by ons teenwoordig is, is teenswoordige (vir die huidige) waarheid en nie vir die toekoms nie en die Woord as 'n lamp skyn helder waar dit staan en nie so duidelik op die pad in die verte nie." Ellen White het uitgewys dat "teenswoordige waarheid, wat 'n toets vir die mense van hierdie geslag is, was nie 'n toets vir die mense van vroeëre geslagte nie." Hierdie uitgangspunt word in die inleiding tot die 28 Fundamentele Leerstellings so weergegee: "..... Daar kan verwag word dat hierdie

verklarings op 'n sitting van die Wêreldkonferensie gewysig kan word indien die kerk deur die Heilige Gees tot 'n voller begrip van Bybelse waarhede gelei sou word, of indien gevind sou word dat die leerstellings van die Woord van God in duideliker taal gestel kan word" (p. iv). Die stigters van die SDA kerk het 'n dinamiese konsep gehad wat hulle *hedendaagse* waarheid genoem het in teenstelling met onbuigsame geloofsoortuigings. Hulle het 'n oopheid tot nuwe teologiese insig gehad wat gebou het op die leerstellings wat *koersbakens* is en wat hulle 'n volk gemaak het.

Nogtans was die moontlikhede van dinamiese verandering in die Sewendedag adventiste se geloofsoortuigings nie onbeperk nie. Daardie leerstellings wat *koersbakens* is, was in Adventiste teologie ononderhandelbares. Gesamentlik het hulle die Sewendedagadventiste van 'n identiteit voorsien. Die stigters het die *pilare* van hulle geloof - die Bybelse leerstellings wat hulle as 'n volk gekenmerk het - deeglik vanuit die Skrif bestudeer en is deur die oortuigingskrag van die Heilige Gees gestaaf. Soos Ellen White dit gestel het: "Wanneer die Heilige Gees getuig wat die waarheid is, sal daardie waarheid vir ewig as die waarheid staande bly.Mense sal te voorskyn kom met interpretasies van die Skrif wat vir hulle die waarheid is, maar wat nie die waarheid is nie. Die waarheid vir hierdie tyd het God vir ons as 'n fondament van ons geloof gegee." Robert Johnston het opgemerk: "Sonder om die leiding van die Here in die verlede te verwerp, streef die Sewendedag Adventiste Kerk om wat daardie leiding behels het selfs beter te verstaan. Sy is altyd oop om van beter insigte te leer - om na die waarheid soos na 'n verborge skat te soek. Adventiste is steeds pelgrims op 'n leerstellige reis wat nie die *rigtingwysers* verwerp nie, maar ook nie by enigeen van hulle bly vassteek nie."

Uit die beweging wat deur William Miller begin was, het die Sewendedag Adventiste Kerk gegroei. Hulle het baie kerngeloofsoortuigings van die Protestantse kerke waaruit hulle gekom het, oorgeneem en nie alleen nuwe begrip gebring soos hulle baie profetiese lig, wat vergete was, onthul het nie, maar het ook voortgegaan met hervormings wat sedert die Hervorming verlore gegaan het. Hierdie leerstellings was in die Skriftuurlike leringe

oor sommige van die volgende sake, wat die ontwikkelende leerstellings van die groeiende kerk ondersteun het, gegrondves: *Die bindende eise van die Sewendedag Sabbat *Die Derde Engel se Boodskap met betrekking tot die Eerste- en Tweede Engele se Boodsappe *Die bediening van Christus in die hemelse heiligdom * Die nie-onsterflikheid van die siel.

SEWE ONDERSKEIDENDE SDA LEERSTELLINGS

In die artikel "Koersbakens" in die Sewendedag Adventiste Ensiklopedie (vol. 10, pp. 895/6) word melding van sewe onderskeidende SDA-pilare gemaak.

Ellen White het oor hierdie koersbakens of pilare geskryf: "Laat die waarhede, wat die fondament van geloof is, aan die mense voorgehou word. Sommige sal van die geloof afvallig word, sal ag slaan op misleidende geeste en die leerstellings van duiwels. Hulle praat oor kennis en die vyand kom en gee hulle 'n oorvloed van kennis, maar dit is nie die kennis, van verlossing nie. Dit is nie die kennis van nederigheid, of toewyding, of van die heiligmaking van die gees nie. Ons moet verstaan wat die pilare van ons geloof is - die waarhede wat ons 'n volk wat ons is, gemaak het, wat ons stap vir stap gelei het." - *Review and Herald*, May 25, 1905.

Die sewe pilare tesame met die Wederkoms is in Adventisme se 28 Fundamentele Leerstellings soos volg beliggaam:

Nr. 11: Die geloof van Jesus

Nr. 13: Die Oorblyfsel en Sy Sending

Nr. 18: Die Profetiese Gawe

Nr. 19: Die Wet van God

Nr. 20: Die Sabbat

Nr. 24: Christus se Bediening in die Hemelse Heiligdom

Nr. 26 en 27: Die Dood en die Opstanding en die Millennium

Die grondslag van Sewendedag Adventisme was tussen 1840 en 1844 gelê en het daartoe gelei dat baie van hierdie koersbakens onder die vroeë gelowiges versprei was. Die Joodse volk het met Christus se eerste Advent

so ver van die ware geloofsleer afgedwaal dat hulle Hom, wat die ware grondslag van hulle sisteem van aanbidding was, nie herken het nie. Hulle dwaalleer en tradisie het daartoe gelei dat hulle Christus verwerp het en hulle genadedeur aan die verkeerde kant van die Groot Stryd gesluit het. Geestelike Israel is nou in 'n soortgelyke posisie aan die einde van die wêreld met baie Protestantse denominasies wat wegdrywe en die waarhede vergeet waarop hulle gebou was. Hierdie vroeë Adventiste het teenswoordige (vir nou) waarheid begryp en die Pilare het die kerk voorberei om deur die komende eindtyd staande te kan bly en om die werk van die herstel van die ware grondslag of fondament, wat uit die Bybel gegee was, uit te voer.

DIE GELOOF VAN JESUS (GEREGTIGHEID VAN CHRISTUS)

FUNDAMENTELE LEERSTELLING 11:

Verlossing verander hoe ons ons wêreld sien. Ons vrees nie langer ons verlede of toekoms nie, maar omarm 'n geskenk vol hoop, liefde, passie en lofprysing soos die Gees in ons leef.

Deur Sy dood aan die kruis het Jesus oor die bose magte getriomfeer. Hy wat die demoniese geeste gedurende Sy aardse bediening tot onderhorigheid gedwing het, het hulle mag gebreek en hulle uiteindelijke verderf verseker. Jesus se oorwinning gee aan ons die oorwinning oor die bose magte soos ons met Hom in vrede, blydschap en die versekering van Sy liefde wandel. Nou woon die Heilige Gees in ons en bemagtig ons. Deur ons voortdurend aan Jesus as ons Verlosser en Here toe te wy word ons van die laste van ons dae van die verlede bevry. Ons leef nie langer in duisternis, vrees vir bose magte, onverskilligheid en die betekenisloosheid van ons vorige lewenswyse nie. In hierdie nuwe vryheid in Jesus word ons geroep om na die ewebeeld van Sy karakter te groei, daagliks met Hom in gebed sielsgemeenskap te hê, op Sy Woord te voed, daarvoor en oor Sy voorsiening na te dink, Sy lofsange te sing, vir aanbidding saam te kom en aan die sendingopdrag van die kerk deel te neem. Ons word ook geroep om Christus se voorbeeld te volg om met meegevoel en deernis in die fisieke,

verstandelike, sosiale, emosionele en geestelike behoeftes van die mensdom te voorsien. Terwyl ons onself in liefdesdiens aan diegene rondom ons toewy en van Sy verlossing getuig, is Sy voortdurende teenwoordigheid met ons deur die Gees en word elke oomblik en elke taak in 'n geestelike belewenis verander.

Vroeë Adventiste het die "geloof van Jesus" as iets wat gehoorsaam, onderhou en uitgeleef moet word verstaan. Dit was dit wat beskrywend van Jesus se geloof was wat Adventiste graag wou nastrewe. Dit het die Nuwe Testament se vereistes soos berou en inkeer, geloof, die doop, die Here se Nagmaal, die voetewassing, ensovoorts, wat Jesus beoefen het, ingesluit. Deur hulle as die "geloof van Jesus" te identifiseer, het Adventiste die ewigdurende opdragte van die Tien Gebooe en die Sabbat onderskei en bewaar.

DIE DRIE ENGELE SE BOODSKAPPE

Die Sewendedag Adventiste Kerk het tradisioneel geglo dat sy die oorblyfsel kerk van Bybelse profesie is en dat haar sending is om die Drie Engele se Boodskappe te verkondig.

"Die universele kerk bestaan uit almal wat waarlik in Christus glo, maar in die laaste dae, ten tyde van grootskaalse afvalligheid, is 'n oorblyfsel uitgeroep om die gebooe van God te onderhou en die geloof van Jesus te hê. Hierdie oorblyfsel kondig die begin van die oordeelsuur aan, verkondig verlossing deur Christus en dien as voorloper vir die wederkoms van Christus.

Hierdie aankondiging word deur die drie engele van Openbaring 14 gesimboliseer. Dit val saam met die oordeelswerk in die hemel en loop uit op 'n daad van bekering en hervorming op die aarde. Elke gelowige word geroep om persoonlik aan hierdie wêreldomvattende getuienis deel te neem." - *Fundamentele Leerstelling* nr. 12.

"In ooreenstemming met God se eenvormige handeling met die mensdom, hulle te waarsku van komende gebeure wat hulle bestemming kardinaal sal affekteer, het Hy 'n aankondiging van die naderende wederkoms van Christus uitgestuur. Hierdie voorbereidende boodskap word deur die drie engele se boodskappe van Openbaring 14 gesimboliseer en voldoen aan sy vervulling in die groot Tweede Advent Beweging van vandag. Dit het die oorblyfsel, of Sewendedag Adventiste Kerk, voortgebring, wat die gebooe van God en die geloof van Jesus bewaar." - *Sewendedag Adventiste Kerk Handleiding*.

IN FUNDAMENTELE LEERSTELLING 13:

"Die universele kerk bestaan uit almal wat waarlik in Christus glo, maar in die laaste dae, ten tyde van grootskaalse afvalligheid, is 'n oorblyfsel uitgeroep om die gebooe van God te onderhou en die geloof van Jesus te hê." Hierdie oorblyfsel kondig aan:

1. "Die uur van Sy oordeel het gekom." 2. Verkondig verlossing deur Christus. 3. Kondig aan dat die wederkoms van Jesus in aantog is.

DIE SPESIALE GAWE VAN PROFESIE

FUNDAMENTELE LEERSTELLING 18:

"In die laaste dae, soos in Bybelse tye, het die Heilige Gees God se volk met die gawe van profesie geseën. Iemand wat hierdie gawe gedemonstreer het, was Ellen White, 'n stigter van die Sewendedag Adventiste Kerk.

Die Skrifte getuig dat een van die gawes van die Heilige Gees die Gees van profesie is. Hierdie gawe is 'n identifiserende kenmerk van die oorblyfsel kerk en ons glo dit was in die bediening van Ellen White geopenbaar. Haar skrywes spreek met profetiese gesag en voorsien gerusstelling en bemoediging, leiding, instruksie en teregwyding of korreksie aan die kerk. Die skrywes maak dit ook duidelik dat die Bybel die standaard is waarvolgens alle lering en ervaring getoets moet word.

DIE WET VAN GOD SE LIEFDE

FUNDAMENTELE LEERSTELLING 19:

"Die groot beginsels van die wet van God is in die Tien Gebooie beliggaam en in die lewe van Christus uitgeleef. Hulle is 'n uitdrukking van die liefde, wil en oogmerke van God aangaande menslike gedrag en verhoudinge en is op alle mense in elke eeu bindend.

Hierdie gebooie maak die grondslag uit van God se verbond met Sy volk en is die maatstaf waarvolgens God oordeel. Met behulp van die Heilige Gees wys hulle sonde uit en wek hulle die besef van 'n behoefte aan 'n Verlosser. Verlossing is geheel en al uit genade en nie weens werke nie, maar sy vrugte is gehoorsaamheid aan die Gebooie. Hierdie gehoorsaamheid ontwikkel 'n Christelike karakter en gee aanleiding tot 'n gevoel van welsyn. Dit is 'n bewys van ons liefde vir die Here en ons belangstelling in ons medemens. Geloofsgheoorsaamheid demonstreer die krag van Christus om lewens te vernuwe en dus versterk dit die Christelike getuienis."

Sewendedagadventiste glo dat die groot beginsels van die wet van God in die Tien gebooie beliggaam is en dat hulle bindend is op elke mens in elke eeu. Terwyl die seremoniële en offerwette van die Ou Testament deur die dood van Jesus Christus vervul was, bly die Tien Gebooie vir Christengelowiges van krag. Die woorde van Jesus Christus in Mattheüs 5:17-20 is tot hierdie oortuiging fundamenteel:

Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense so leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is

as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.

Adventiste glo en leer dat alle mense verplig is om God se Wet te onderhou, insluitend die Sabbat, en dat die onderhouding van al die gebooie 'n morele verantwoordelikheid is wat God eer en liefde aan Hom as Skepper, Onderhouer en Verlosser betoon.

DIE SABBAT

FUNDAMENTELE LEERSTELLING 20:

"Die liefdevolle Skepper het, na die ses dae van die Skepping, op die sewende dag gerus en die Sabbat vir alle mense ingestel as 'n aandenking aan die Skepping. Die vierde gebod van die onveranderlike wet van God vereis dat die Sewendedag Sabbat [Saterdag] as rusdag gevier moet word vir aanbidding en bediening ooreenkomstig die leer en gebruik van Jesus, die Here van die Sabbat.

Die Sabbat is 'n dag van heerlike gemeenskap met God en met mekaar. Dit is 'n simbool van ons verlossing in Christus, 'n teken van heiliging, 'n teken van ons trou en 'n voorsmaak van ons ewige toekoms in die koninkryk van God. Die Sabbat is God se ewigdurende teken van Sy ewige verbond tussen Hom en Sy kinders. 'n Vreugdevolle nakoming van hierdie heilige tyd van sonder tot sonder is 'n viering van God se skeppende en verlossende dade!!

Die Sewendedag Sabbat word van Vrydagsonder tot Saterdagsonder gevier en Adventiste onderhou dit as die tyd wat God geseën en geheilig het. Adventiste wys op die Bybelse verwysings soos die antieke Hebreëuse praktyk om 'n dag teen sonder te begin en Genesis se skeppingsverhaal waar 'n "aand en 'n môre" 'n dag bepaal, wat 'n vroeë dagdatering van die gee van die Tien Gebooie is (aldus die gebod om die Sabbat te "gedenk"). Die sewende dag van die week word in baie tale, kalenders en leerstellings as die Sabbat erken.

Adventiste wys daarop dat die verandering van die Sabbat deel van 'n Groot Afvalligheid in die Christelike geloof was toe die biskop van Rome begin het om die Weste en die ander sentrums van die Christendom te domineer. Die Sewendedagadventiste het tradisioneel die standpunt ingeneem dat die afvallige kerk toegelaat het dat heidense korrupsie en heidense afgodediens en geloofsoortuigings onder die Rooms Katolieke Kerk in gekom het. Die Rooms Katolieke Kerk leer ander tradisies oor die Skrif en om van hulle werk op Sondag te rus, in plaas van Sabbat soos in die Skrif geskryf staan.

DIE BEDIENING IN DIE HEILIGDOM EN DIE ONDERSOEKENDE OORDEEL

VOLGENS FUNDAMENTELE LEERSTELLING 24:

"Daar is 'n heiligdom in die hemel, die ware tabernakel wat die Here gebou het en nie die mens nie. Daarin tree Christus namens ons op en stel Hy die voordele van Sy soenoffer, wat Hy eens en vir altyd aan die kruis gedoen het, aan gelowiges beskikbaar. Hy was na Sy hemelvaart as ons groot Hoëpriester ingehuldig en toe het Hy as Middelaar begin dien.

In 1844, aan die einde van die profetiese tydperk van 2300 dae (Dan. 8:14), het Hy die tweede en laaste fase van Sy versoeningsbediening betree.

Dit is die ondersoekende oordeel wat deel uitmaak van die uiteindelijke verwydering van sonde, waarvan die reiniging van die ou Hebreuse tempel op die groot Versoendag 'n voorafskaduwing was. In daardie skadudiens is die Heiligdom met die bloed van offerdiere gereinig, maar die hemelse dinge word met die volmaakte offer van die bloed van Jesus gereinig.

Die ondersoekende oordeel openbaar aan die hemelse wesens wie van die dooies in Christus slaap en daarom in Hom waardig geag word om aan die eerste opstanding deel te hê. Dit maak ook bekend wie onder die lewendes in Christus bly, die geboorte van God en die getuienis van Jesus hou en daarom in Hom gereed is om in Sy ewige koninkryk opgeneem te word. Hierdie oordeel bewys die regverdigheid van God om diegene te red wat in

Jesus glo. Dit verklaar dat diegene wat getrou aan God gebly het, die koninkryk sal ontvang. Die voltooiing van hierdie bediening van Christus sal die einde van die genadetyd vir die mensdom vóór die Wederkoms aandui."

Die ondersoekende oordeel is 'n leerstelling wat eie aan Sewendedag-adventiste is en leer dat die oordeel van God se belydende volk in Oktober 1844 begin het toe Christus die Allerheiligste in die hemelse heiligdom binnegegaan het. Adventiste vind die ondersoekende oordeel in tekste soos Daniël 7:9-10; 1 Petrus 4:17 en Openbaring 20:12 beskryf. Die doel van hierdie oordeel is om die heiliges voor die aanskouende heelal te regverdig; om hulle vir Christus se op hande synde wederkoms voor te berei en om Christus se regverdige karakter in Sy handelinge met die mensdom te demonstreer. Hierdie oordeel sal ook die ware gelowiges skei van diegene wat valslik aanspraak maak om gelowiges te wees.

DIE TOESTAND VAN DIE AFGESTORWENES EN DIE MILLENNIUM

IN FUNDAMENTELE LEERSTELLINGS 26 EN 27:

"Die loon van die sonde is die dood, maar God, wat alleen onsterflik is, sal die ewige lewe aan Sy verlostes skenk. Tot dan is die dood 'n bewustelose toestand vir alle mense. Wanneer Christus, wat ons lewe is, verskyn sal die herrese regverdiges en die lewende regverdiges verheerlik word en opgeneem word om hulle Here te ontmoet. Die tweede opstanding, die opstanding van die regverdiges, sal duisend jaar later plaasvind."

Adventiste glo dat die Bybel duidelik leer wat die Gees, wat na God by dood terugkeer, is. Die liggaam sonder die gees ("asem") is dood (vgl. Jak. 2:26). **Die lewensasem van God is in my neus.** - Job 27:3. Nêrens in die hele Skrif het die "gees" enige lewe, wysheid of gevoel na 'n persoon gesterf het nie.

Adventiste glo dat wat gebeur wanneer 'n persoon sterf, is dat die liggaam ontbind en slegs die "asem van die lewe", die gees, gaan na God, wat dit gegee het, terug. Die asem van die lewe van elke persoon wat sterf -

regverdig of goddeloos - gaan na God by afsterwe terug. Adventiste glo hulle herstel die ware leringe van die Skrif wanneer dit by die toestand van die afgestorwenes kom. Die dood is 'n toestand van stilte, onaktiwiteit en algehele onbewustheid waarna in die Bybel as slaap verwys word.

"Die millennium is die duisendjarige heerskappy van Christus saam met Sy heiliges in die hemel tussen die eerste en die tweede opstanding. Gedurende hierdie tyd sal die dooie goddeloses geoordeel word; die aarde sal totaal verwoes wees, sonder enige menslike inwoners, maar deur die Satan en sy engele bewoon. Na afloop daarvan sal Christus met Sy heiliges en die Heilige Stad van die hemel na die aarde neerdaal. Die dooie goddeloses sal dan opgewek word en sal die stad saam met Satan en sy engele omring, maar vuur wat van God neerdaal, verteer hulle en reinig die aarde. So sal die heelal vir altyd van sonde en sondaars bevry wees."

VORMENDE GELOOFSOORTUIGINGS VAN ADVENTISME

Die Adventiste Pioniers het aan die oortuiging, dat sonde oorwin kan word, vasgehou en dat almal wat wil oorwinnaars kan wees. Ellen White het geskryf: "Ons Verlosser vereis nie onmoontlikhede van enige mens nie. Hy verwag niks van Sy dissipels wat Hy nie gewillig is om aan hulle die genade en sterkte te gee om uit te voer nie. Hy sal nie 'n beroep op hulle doen om volmaak te wees as Hy nie tot Sy beskikking elke volmaaktheid van genade gehad het om aan diegene te skenk aan wie Hy so 'n hoë en heilige voorreg verleen nie. Ons werk is om daarna te streef om in ons arbeidsveld of omgewing die volmaaktheid te bereik wat Christus in Sy lewe op aarde in elke fase van karakterontwikkeling bereik het. Hy is ons voorbeeld. In al ons dinge moet ons strewe om God in karakter te eer..... Ons moet volkome afhanklik wees van die krag wat Hy beloop het om aan ons te gee." - *Our Father Cares*, p. 214.

Heiligmaking is die ware onderhouding van al die gebooie van God. Met ander woorde, die wil van God aangaande die mens is dat Sy wil volkome in die mens vervul sal wees. Sy wil is in Sy wet van die Tien Gebooie, wat die

belangrikste van alles in die lewe is, uitgedruk. Hierdie wet is perfek en volmaaktheid van karakter is die volmaakte uitdrukking van hierdie wet in die lewe van die aanbieder van God. Deur hierdie wet is die kennis van sonde. En almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God - het ontbreek aan hierdie volmaaktheid van karakter. Volmaaktheid, volmaaktheid van karakter is die Christen se doelwit - volmaaktheid in menslike vlees in hierdie wêreld bereik. Christus het dit in menslike vlees in hierdie wêreld bereik en sodoende 'n gewyde weg voorberei waardeur, in Hom, elke gelowige dit kan bereik. Hy, nadat Hy dit bereik het, het ons groot Hoëpriester geword en deur Sy priesterlike bediening in die ware heiligdom stel ons in staat om dit te bereik.

Adventiste het die Drie Engele se Boodskappe, wat met die eerste in Openbaring 14:6-7 begin, omarm.

Die eerste engel se boodskap (Openb. 14:6-7) is 'n waarskuwingsboodskap aan die wêreld: Om God, ons Skepper, te vrees en Hom alleen te aanbid. Om Hom heerlikheid te gee beteken om Hom eer te gee. Want die uur van Sy ondersoekende oordeel [eerste vir die dooies en dan vir die lewendes] het gekom. Om die Ewige Evangelie, wat die plan van verlossing en vrymaking van alle sonde deur Jesus Christus, die enigste Middelaar tussen God en die mens, behels.

Die tweede engel se boodskap (Openb. 14:8) is oor Babilon of die vals kerk wat geval het, omdat hulle die lig, wat uit die hemel deur die eerste engel na hulle gestuur was, verwerp het.

Die derde engel (Openb. 14:9-12 en 18:1-5) verkondig 'n kans vir berouvolle sondaars om die geregtigheid van Christus deur geloof te aanvaar. Dit waarsku ook die mensdom teen aanbidding van die dier (Pousdom), of sy beeld (afvallige Protestantisme), of ontvangs van die merk van die dier wat vals aanbidding is. Dit waarsku ook almal wat God se volk is om hulle gewilliglik te skei van al die onrein, afvallige en onsedelike kerke wat Babilon uitmaak.

OORSIG

Gemeenskaplik met konserwatiewe Christene en die historiese Protestantse geloofsoortuigings glo Sewendedagadventiste:

1. Dat God die soewereine Skepper, onderhouer en heerser, van die heelal is en dat Hy ewig, almagtig, alwetend en alomteenwoordig is.
2. Dat die Drie-enige God omvat God die Vader, Christus die Seun en die Heilige Gees.
3. Dat die Skrifte die geïnspireerde openbaring van God aan die mense is en dat die Bybel die enigste rigsgaande en gesag van geloof en die beoefening daarvan is.
4. Dat Jesus Christus waarlik God is en dat Hy met die Vader van ewigheid af bestaan.
5. Dat die Heilige Gees 'n persoonlike wese is en die kenmerke van die godheid met die Vader en die Seun deel.
6. Dat Christus, die Woord van God, vlees geword het deur die wonderbaarlike bevrugting en die maagdelike geboorte en dat Hy 'n absoluut sondelose lewe hier op aarde geleef het.
7. Dat die plaasvervangende, versoeningsdood van Jesus Christus, eens en vir altyd, algenoegsaam vir die verlossing van 'n verlore ras is.
8. Dat Jesus Christus letterlik en liggaamlik uit die graf verries het.
9. Dat Hy letterlik en liggaamlik na die hemel opgevaar het.
10. Dat Hy nou as ons advokaat in 'n priesterlike bediening en middelaar voor die Vader dien.
11. Dat Hy sal terugkeer in 'n persoonlike, op hande synde tweede advent voor die aanvang van die millennium.
12. Dat die mens sonderloos geskep was, maar deur sy daaropvolgende val 'n toestand van vervreemding en verdorwenheid binnegegaan het.
13. Dat verlossing slegs deur Christus deur genade en deur geloof in Sy bloed is.
14. Dat ingaan in die nuwe lewe in Christus deur vernuwing of wedergeboorte is.

15. Dat die mens deur geloof geregverdig word.
16. Dat die mens deur die inwonende Christus deur die Heilige Gees geheilig word.
17. Dat die mens by die opstanding verheerlik sal word, of die verheerliking van die heiliges wanneer Jesus kom.
18. Dat daar 'n oordeel van almal sal wees.
19. Dat die evangelie as 'n getuienis aan die hele wêreld verkondig moet word.

ELLEN WHITE OOR DIE PILARE

Ellen White noem hulle 'n "soliede, onbeweegbare platform", en die "hoofpilare" wat die platform ondersteun, en die Drie Engele se Boodsappe wat die dubbele doel dien om die platform te ondersteun (soos wat die "pilare" doen) en toegang daartoe verskaf.

Ellen White verduidelik dat die "platform" van "waarheid" die waarheid "soos in Jesus" is.

Die Drie Engele se Boodsappe van Openbaring 14 ondersteun nie slegs die totale raamwerk van "huidige waarheid nie," maar voorsien ook die sleutel om die betekenis vir ons tyd te ontsluit en die deur van insig en begrip te open.

Van al die "pilaar" leerstellings is die leerstelling van Christus se Hoëpriesterskap in die hemelse heiligdom meer as enige van die ander deur die Heilige Gees op 'n duidelike wyse bekragtig.

5. WÊRELDWYË IDENTITEIT LOGO

Die korporatiewe identiteit van die Sewendedag Adventiste Kerk weerspieël ons diepe en blywende geloof in Jesus Christus as die sentrum van ons lewens en ons geloof. Dit is ons hoop dat hierdie aanskoulike voorstelling van wie ons is dwarsoor die wêreld gebruik sal word as 'n bekende simbool van ons kerk en haar waardes.

DIE LOGO EN SY BETEKENIS

Die logo weerspieël die kernwaardes van die Sewendedag Adventiste Kerk. Haar fondament is die Bybel, die Woord van God. Die Bybel is oop, omdat sy boodskap gelees en ten uitvoer gebring moet word. Sentraal tot daardie Bybelse boodskap is die kruis, wat ook 'n sentrale kenmerk van die logo is. Bokant die kruis en die oop Bybel is 'n brandende vlam wat die Heilige Gees, die BoodsAPPER van waarheid, voorstel.

DIE TWEEDE KOMS

Die lyne aan die bokant van die ontwerp stel die opwaartse momentum voor wat die opstanding en hemelvaart van Christus, sowel as Christus se tweede koms, die uiteindelijke fokus van ons geloof is.

DIE VLAM

Dit word deur drie lyne gevorm wat 'n onuitgesproke sfeer omring. Die lyne verteenwoordig die drie engele van Openbaring 14, wat om die aarde sirkel en ons opdrag om die evangelie na die hele wêreld te neem. Die totale fatsoen vorm 'n vlam wat simbolies van die Heilige Gees is.

DIE KRUIS

Die simbool van die kruis, wat die evangelie van verlossing voorstel, is in die middel van die ontwerp geposisioneer om Christus se offer, wat die sentrale tema van die Adventis se geloof is.

DIE OOP BYBEL

Die Bybel vorm die basis van die ontwerp en verteenwoordig die Bybelse fondament van ons leerstellings. Dit word in 'n ten volle oop posisie uitgebeeld wat die volle aanvaarding van God se Woord voorstel.

Dit is ons hoop en gebed, dat alhoewel hierdie logo 'n eenvoudige voorstelling van die fondament van Sewendedagadventiste se geloofsoortuigings en waardes is, dit 'n herkenbare simbool van die Adventis-boodskap aan die wêreld mag wees.

ONS LEERSTELLINGS

Sewendedagadventiste se geloofsoortuigings is bedoel om jou hele lewe te deurtrek. Voortspruitende uit die Skrifte, wat 'n oortuigende beeld van God skilder, word jy uitgenooi om die Een wat begeer om ons heel te maak te ondersoek, te beleef en te ken.

oOo